

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 6.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

9 Februarie 2020

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

EREDIENS VANOGGEND: Dr Petrus Venter

Voorsang:

Ps. 118 :1,11

Ontmoetingsdiens:

Votum en seën

Sing: Ps. 100:1,2,3,4

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: Ps.26:2,7

Gebed

Woorddiens:

Sing: Ps. 116:9

Skriflesing: Jakobus 2:14-26

Teks: Jakobus 2:14, 17, 26

Preektema:

Geloof en dade hoort bymekaar!

Antwoorddiens:

Gebed

Liefdesdiens kollekte: In die banke- DVB

By die deure- Expando

Sing: Ps.18: 1,10

Wegsturseën

Preekskets:

Die psalmdigter sing dat u maak ons hande los vir hoër diens verkore. Ons sing dit ook vandag.

Rondom dit wat ons vrymaking nog sterker maak, kom ons dan vandag uit by hoe die ware vryheid alles te make het met ook ons hande. 'n Ware geloof is 'n daadgeloof. Dit mag nie loslippigheid wees nie. Geloof het 'n uitwerking in wat ons doen en daarom sal 'n ware gelowige altyd nog weer op soek wees en vra na wat kan ek nog meer doen vanweë die feit dat ek reeds glo. Hierin word ons ook getoets.

Ons drie gedagtes by wat ons dan vandag as 'n ware daadgeloof bely is:

Eerstens, ek sal ook hierin getoets word.

Tweedens, hoe moet geloof en dade dan inmekaar gepas word.

In die laaste plek - die twee mense in die Ou Testament wat Jakobus ons voorbeeld maak.

As u die gedeelte van God se Woord mooi hoor en dit werklik tot die been deursny, dan kan ons nie anders as om te hoor hoe Jakobus in drif en erns dit beklemtoon nie. Hy praat met groot beslistheid dat 'n gelowige nie net sal praat nie, maar altyd bereid sal wees om die daad by die woord te voeg.

Die lewende geloof is dit wat God die Vader deur Jesus Christus my lewe mee volmaak, daarin roep ek voortdurend uit, my beker loop oor. Dit is soos 'n fontein van lewende water wat bly teen my opspring, dit vloei deur ons harte, dit deurdring ons verstand, jou verstand word letterlik daardeur geannekseer.

KOLLEKTES

Vandag: 9 Februarie 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Expando**

Sondag: 16 Februarie 2020 (Voorbereiding)

- In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Teologiese Studentekas**

WYK - DIENSBEURT

Vandag – 9 Februarie 2020– **Wyk 5**

- **Ouderling:** Br. Jan de Kock
- **Diaken:** Br. Dawie Schoeman
- **Wyksusters:** Sr. Estea du Plessis

Volgende week – 16 Februarie 2020 - **Wyk 6 (Voorbereidingsdiens)**

- **Ouderling:** Br. Lukas Potgieter
- **Diaken:** Br. Michiel Burger
- **Wyksusters:** Sr. Mientjie Burger

MEELEWING

- Ons dink in ons gebede aan sr. Marie Fourie in Bloemfontein wat baie ernstig siek is. Dokters het die pogings om herstel in haar gesondheid te probeer bewerk gestaak. Ons dink in besonder aan haar, br. Bertie, sr Koos en familie in sware tyd.
- Ons bid vir sr Nelize Boshoff/Mitchell wat met kanker gediagnoseer is.
- Mizahn Potgieter/Claassens is tans in Kimberley hospitaal gediagnoseer met van die hepatitis-virusse. Mag die behandeling geseënd wees en hulle almal in hierdie traumatiese tyd deur die Here gedra word.
- Ons dink aan sr Hettie Booyens en sr Kotie Riley wat onderskeidelik katarak oog-ondersoeke en moontlike operasies moet ondergaan.
- Ons dink aan sr Annelie Williams wat nog las van haar rug het.
- Br en sr Tjaart en Bettie Snyman wie se gesondheid onderskeidelik met tye vir hulle groot uitdagings veroorsaak is in ons gebede nie vergete nie.

VERJAARSDAE

Vandag	10 Feb.	Marnika van Heerden
Vrydag	14 Feb.	Lombard Niesing
Sondag	16 Feb.	Johan Reinecke

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Ons bedieningshulp in Groenwater het in die laaste maande weer kon hervat. Daar bly uitdagings maar ons vertrou in dit wat reeds hanteer is en aangespreek kon word, daar wel daarop voortgebou kan word. Dr. Venter sal DV vandag weer daarheen gaan.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

BEROEPE ONTVANG: Ds W Jobse (Wilhan) van GK Jeffreysbaai na GK Burgersdorp
Ds C Jooste (Christiaan) van GK Waterberg na GK Potchefstroom

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met 'n droogte ongekend en ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

KATEGESSE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katekisasie gelaai. U kan dit aflaai by

<http://bit.ly/2KhypYe>

Katekisasie gaan vandag normaal voort

Laerskool-klasse vind Sondag na die ere-diens by die kerk plaas.

Hoërskool-katekisasie vind Sondag 'n kwartier na die ere-diens by die kerk plaas.

Belydenisklas vind Maandag om 17h00 plaas.

Ons volwasse katekiese klasse vind Maandag om 18h00 plaas. Reëlings met die katekisante sal steeds deur WhatsApp via ons kerkgroep deurgegee word.

KERKKANTOOR

Ons is opsoek na ou koerante by die kerkkantoor.

Kalenders is beskikbaar. Daar het 'n drukkersduiwel ingesluip by Maart 2020 met week nrs. en wyk nrs. Ons vra dat dit maar so gehanteer sal word soos gedruk.

DORKAS- SUSTERS

Huis Jan Vorster-mandjie – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie voor in die portaal geplaas word. Hulle ondervind die laaste tyd veral 'n tekort aan **doeke, Prep en aqueous room**. Die inwoners het ook hulle hartlike dank uitgespreek vir dit wat alreeds geskenk is.

BYBELSTUDIE

Bybelstudie gaan die week normaal voort ...

Bybelstudie Maandag: 19h00 Aandgroep

Bybelstudie Dinsdag: 10h00 Oggendgroep

Ons gaan voort met die reeks rondom die gebede uit God se Woord.

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons tee-drink lokaal na die ere-diens.

GEMEENTEKAMP

Merk die datum: 3 tot 5 April 2020

ALMANAK 2020

Die Almanakke wat reeds afgehaal is kan by die kantoor betaal word. Ons het ekstra kopieë uit Potchefstroom ontvang. U kan Kerkkantoor daarvoor skakel en ook u betalings maak.

SUSTERSAAMTREK 2020

Die Gereformeerde Kerk Upington nooi u hartlik uit na die Sustersaamtrek om 09:00, op 7 Maart 2020, te Gereformeerde Kerk Schröderstraat 145 Upington.

Intimiteit met God. Gasspreker: Dr Petrus Venter.

Verfkwas saam met Lizelle Spangenberg

Kostes R150 pp betaalbaar voor 5 Feb by die Kerkkantoor

KALENDER (JAARBEPLANNING) IN ELEKTRONIESE FORMAAT

As u graag u dagboek in elektroniese formaat op u selfoon wil plaas kan u op ons webwerf die toepassing en beplanning aflaai wat dit deur *Microsoft Outlook* vir u moontlik maak. Die inligting is gestuur op die Tuisblad onder die lêertjie pmg_calendar.ics

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za> Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

In Februarie wil die predikant graag op wyk 6 konsentreer met huisbesoeke. Hy sal u kontak om afspraak vas te maak. As enigiemand uit van die ander wyke wel behoefte het dat hy vroeër by u moet uitkom, moet asseblief nie aarsel om hom te kontak nie.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Volgende kerkraadsvergadering vind DV 19 Feb. 2020 om 18h00 plaas.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571

Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae 09h00 - 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Orrelis			
Kassiere	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	52
Bydrae: Deubate Jeugsorg	R 965.00
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	R 2257.00

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za